

**20 November**

**Skrifgedeelte: Jesaja 8:22-10:4**

**Fokusgedeelte: Jesaja 9:1-6**

### **‘n Nuwe toekoms kom**

In die vorige twee hoofstukke van Jesaja staan die oordeel van God op die voorgrond. In die tyd van Jesaja het die Here se oordeel daarop uitgeloop dat die inwoners van Israel, die Noordelike Koninkryk, in ballingskap weggevoer is. Ook Juda, die Suidelike Koninkryk, het in die tyd swaar gely, al het die finale ondergang eers meer as ‘n eeu later gekom. In ons fokusgedeelte tref ons iets aan wat meermale in die Ou Testament gebeur. Die fokus verskuif na die toekoms, na die heilstyd wat kom. ‘n Mens kan sê dat die Ou Testament “oop” eindig, dat hy roep na iets (of iemand) wat nog moet kom. Jesaja 9 is hiervan ‘n goeie voorbeeld. Die gedeelte verwys na lig wat weer in die duisternis sal skyn, na verlossing wat op die oordeel sal volg. Die hoogtepunt van die verlossing word verbind aan ‘n Prins wat uit die huis van Dawid sal kom en wat op die troon van Dawid sal sit. Hierdie Prins sal waarlik ‘n vredevoers word, wat weer vrede en geregtigheid na die aarde sal bring. In die Ou Testament het hierdie verwagting aan ‘n Prins uit die huis van Dawid gegroei en die Nuwe Testament sluit ten nouste hierby aan. Wanneer Jesus se geboorte aangekondig word, sê Luk 1:22 dat die troon van sy vader Dawid aan Hom gegee sal word. Ware vrede tussen God en mens het eers moontlik geword toe Jesus vir ons sondes versoening gedoen het. Met sy wederkoms sal die heilstyd ten volle aanbreek en sal ons altyd by die Here wees.

*Sing: Skrifberyming 8:1,2 Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*